PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

20 Mei 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS

dr. Braam Krüger

Tema 3, week 5

Skrifgedeelte: 2 Kor. 3: 7 - 18

Fokusvers: 2 Kor. 3: 18

Tema: Christelike karakterbou word gebou deur jou geloofsverbintenis met Jesus.

17:00 PINKSTERSANGDIENS

dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: Gal. 5: 18 - 26

Fokusverse: Gal. 5: 22 - 23a

Tema: Geloofsgroei bevorder Christelike karakterbou.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS,
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

KOINONIA - Ons gee om vir mekaar

MEEGEVOEL:

- *Tannie Rita Kotze is Vrydag 18 Mei oorlede op die ouderdom van 88. Ons meegevoel gaan uit na haar kinders, Juan Kotze en Lourette van Dyk. Mag die Here julle vertroos en versterk in hierdie tyd.*

VOORBIDDING

- *Heidi Greyling het haar nek en rug beseer in 'n motorongeluk.*
- *Helen Barnard het die afgelope week 'n histerektomie gehad.*
- *Hettie Viljoen het die afgelope week 'n opvolgoperasie aan haar gesig ondergaan.*
- *Donsie Krüger moet 30 Mei vir 'n galblaasoperasie gaan.*

Ons dink aa hierdie lidmate en hul families in ons gebede en dra hulle aan die Here op.

ATTESTAAT- NUUS

Vertrek sonder Attestaat:
Braam en Christine Botha en Rina Snyman.
Vertrek met Attestaat :
Petrus en Elana Roets en 3 dooplidmate Reinhardt, Mieke en Kayla na NGK Kemptonpark Kruin.

GKSA BEROEPENUUS.

Beroepe ontvang:
Ds PR Gouws (Retief) van Pietersburg na Dendron/Magalakwin-kombinasie.

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Maandag 21/05	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adrie Goede 083 654 4821
Dinsdag 22/05	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag 23/05	10:00	Nagmaalbediening by Rynpark 6	
Vrydag 25/05	09:00 17:45	Bybelstudie Jeugaksie	Braam Krüger 082 459 5636 Otto Coetzer 083 324 1459

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Pieter du Plessis
27 Mei	Pieter Venter

LESOTHO UITREIK

Ons beplan weer 'n uitrein na Lesotho - na die st James Mission en die plaaslike dorpie en skole. Ons neem Bybels en ander boeke saam. Ons doen Bybelstudie waar ons kan en deel ook ander klere uit. Ons wil graag nie-bederfbare kosse (meel, blikkies, ens) saamvat wat vir die skool se spens gegee word, waarmee hulle op die langer termyn 'n voedingskema aan die gang kan hou.

Almal wat belangstel kan meer kom hoor op 27 Mei - direk na die oggenddiens (nagmaal), wanneer daar 'n meer omvattende inligtingsessie sal plaasvind.

Navrae: Lenie Venter 083 457 8861/ Dr. Krüger .

VERJAARSDAE 20 - 26 Mei

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 20/05	Dionne Bloem ☺ Rina van den Berg	 073 194 5568
Maandag 21/05	Lourens Botha	076 155 1305
Dinsdag 22/05	Ilse du Plessis Jaco Smit	082 772 0691 076 280 1054
Woensdag 23/05	Isabel de Waal ** Roelf Herbst Edwin Willemse	082 259 8096 082 443 9919
Donderdag 24/05	Anthony Potgieter ☺	
Vrydag 25/05	Michiel Eloff ☺ Tessa Steyn	 082 828 0479
Saterdag 26/05	Aidin Billing ☺ Johan Kamffer	 083 448 5164

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

DANKBAARHEIDSETE
SONDAG 27 MEI

Sondag, 27 Mei vier ons weer nagmaal, en direk na die oggenddiens sal die dankbaarheidsete in die saal deur almal geniet word.
Die dankbaarheidsete sal die vorm van 'n hamburgerete aanneem.
Bring asb. julle eetgerei, en drinkgoed saam en kom geniet die koinonia saam met medegelowiges.
Skryf asb. julle name op een van die lyste in die saal neer sodat ons kan weet hoeveel om voorsiening voor te maak.

Navrae: Donsie Krüger 084 627 2393

KATKISASIE JEUGAKSIE
VRYDAG 25 MEI

WAAR: Wi: JUMP; Mall@Carnival – Brakpan
WANNEER: Vrydag 25 Mei 2018
TYD: Kom bymekaar vanaf 17:45 by GK Benoni
Terug by kerk teen 21:45
WIE: Al ons jeug (Gr1 – Gr12)
NB!! Voorskoolse kinders is ook welkom maar moet ten minste deur een ouer vergesel word.
KOSTES: Gratis vir kinders van ons gemeente (Maats is welkom maar betaal self : R150 vir spring en R65 vir ete)
KONTAK: Otto Coetzer – 083 324 1459

GEAGTE BROEDERS EN SUSTERS

Bybelverspreiding bydraes wat ons van gemeentes ontvang word gebruik vir verskillende projekte wat ten doel het om die Woord te versprei maar ons hoof taak bly natuurlik om Bybels vir u beskikbaar te maak sodat julle die geleentheid het om Bybels self te versprei na dié wat smag na die Woord en om só BYBELARMOEDE te verlig!

GELETTERDHEIDSPROJEK

Daar is reeds 2 werksboekies gereed vir gebruik in geletterdheidsprojekte.
"***My Eerste Bybel Doen en Leer***" is bedoel vir 5 tot 7 jariges, of ongeletterde grootmense. Die boekies is in al ons plaaslike tale beskikbaar en kos ongeveer R10 elk. As u dit as projek vir minderbevoorregte skole wil aanbied gee ons dit gratis aan u.

UITREIKBYBEL

Die volledige Bybels word van koerantpapier gemaak en kos die helfte wat die StandaardBybel kos en idiaal as die gemeente 'n uitreik beplan waarin Bybels uitgegee word. Die Bybel is ook in al ons plaaslike tale beskikbaar.

StandaardBybel

Die StandaardBybel is die Bybel wat deur die meeste mense verkies en gekoop word en word op duursame Bybelpapier gedruk en is beskikbaar vir ongeveer R100. Om die Bybel bekostigbaar te hou word hy dus groteliks gesubsidieer en dit word moontlik gemaak deur u ondersteuning!

Algemene Bybelwerk - Verlig Bybelarmoede

Vir elke R200 wat u gee stel u die Bybelgenootskap in staat om meer bekostigbare Bybels beskikbaar te stel! Ons moet almal besef watter groot verantwoordelikheid daar op ons as volgelinge van Christus geplaas is om sy Woord te versprei!

Ander sake van belang:

Nuwe Afrikaanse *BYBEL DIREKTE VERTALING*

Die NT en Psalms is in proefdruk beskikbaar. Op die webtuiste www.bybeldirektevertaling.co.za is die hele NT se hersiene Bybelboeke beskikbaar, asook die meeste OT boeke is reeds vertaal maar nog in proefvorm.
Die vollledige Bybel is DV geskeduleer om einde 2020 gereed te wees vir verspreiding! Kry 'n NT en Psalms en lees solank sodat ons saam opgewonde kan raak!

AUDIBYBEL – Volledige KlankBybel

Al die plaaslike tale se oudio is opgeneem om op die effektiewe toestel te werk. Die KlankBybel is 'n belangrike hulpmiddel vir blindes sowel as ouer mense wat swaar lees en is in die meeste gevalle gratis beskikbaar vir hulle. Vir privaatgebruik is die Audibybels te koop teen ongeveer R450.

Hoe vorder ons met hierdie baie belangrike kollekte?
Gereformeerde Kerk Benoni se doelwit met 500 belydende lidmate wat elk 1 bybel skenk = 500 X100 = R50,000
Tot dusver vanaf Januarie het R17 978 deur middel van die houertjies en kollektes ingekom.
Houertjies is by die buitedeure beskikbaar en volgende week sal die buitedeurkollekte vir die Bybelgenootskap van SA wees.
Plaas asb. die houertjies met jou donasie in die kollektesakkies.
Julle donasies kan 'n groot verskil maak!

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 13 Mei 2018 se antwoord: Eksodus 2:22

" Toe sy 'n seuntjie kry, het Moses hom Gersom genoem. "' want "' het hy gesê, ek woon as 'n vreemdeling in 'n vreemde land. "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur

Jan Bakker; Jan Lubbe; Una Steyn; Martie Gibson; Elma Jansen; Chrissie Pretorius; Klein de Kock; Evert Bolt

Hierdie week: Soek die Bybelvers 20 Mei 2018

" ???????? het toe gou klaargemaak en op 'n donkie gery terwyl haar vyf slavinne te voet gevolg het. Sy het die boodskappers van Dawid gevolg en sy vrou geword. Dawid was reeds met ??????? uit Jisreël getroud. Hy het nou twee vrouens gehad. "

Vraag: Wat was Dawid se twee vrouens met wie hy op die selfde tyd getroud was se name?

Lees gerus Samuel en noem Dawid se twee vrouens se name en verskaf die verse waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

GEREFORMEERDE KERK BRAKPAN - GOLFDAG

DONDERDAG 14 JUNIE 2018

AFSLAAN 11:00 TOT 12:30

Speelfooi per 4-bal: R1200

(Sluit ete in by prysuitdeling)

Bespreek jou afslaantyd by

Abel - 082 550 5353

GK LICHTENBURG 125-JARIGE FEESVIERINGE 2 EN 3 JUNIE 2018

Die Gereformeerde Kerk Lichtenburg vier op 2 en 3 Junie 2018 haar 125-jarige bestaan as gemeente.

Ons nooi alle oudlidmate uit om die naweek saam met die gemeente te vier.

Alle belangstellendes kan skakel met die kerkkantoor vanaf 14:00 – 17:00 – Maandag tot Vrydag by 018 632 1052 of e-pos: gklichtenburg@gmail.com

KOLLEKTES

Kollektes van 13 Mei 2018

Diens van Barmhartigheid	: R 6503
Emeritaatsfonds	: R 2348
Jeugfonds	: R 123

Vandag se kollektes :

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid

By die deure: GKSA Sustentasiefonds

Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

Volgende week: Bybelgenootskap van SA

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

GKSA Sustentasie